Respek. Eenheid. Trots

IMMER VOORWAARTS

# HOËRSKOOL BONNEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

29 Augustus 2025

## OMSENDBRIEF 23/2025

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Toneel:** Ons is baie trots op HSB se toneelgeselskap wat die afgelope naweek aan die Karoo Interskole Toneelfees te Victoria-Wes deelgeneem het. **Amor Simonse, Kyle Kühn, Jayden Strauss, Owaziyo Makhutshi** en **Maronique Presence** het die Bonnies in die Karoo verteenwoordig met hulle produksie, "Auntie Mavis se begrafnis". Die toneelstuk is goed ontvang deur die gehoor en beoordeelaars. Dit was die derde keer wat die fees aangebied is en die eerste keer wat Hoërskool Bonnievale aan die fees deelgeneem het. Baie dankie ook aan mnr. **Michiel de Villiers** van Bonnievale 418 wat as dramaturg, regisseur en busbestuurder van hierdie opvoering opgetree het.

2. **Engelsolimpiade:** Die uitslae het uiteindelik arriveer. Vier leerders het in Maart aan die landswye Senior Engelsolimpiade deelgeneem. Welgedaan aan **Chanelle Slingers** (silwer), **Jordan Smith** (brons), **Presley Pedro** (merietetoekenning) en **Mactylia Friesland** (merietetoekenning).

3. **Rugby:** Baie geluk aan **Luan du Toit** wat opgeneem is in die Boland o.12 A-rugbyspan. Ons is baie trots op jou, Luan!

4. **Interskole:** HSB het HS Franschhoek totaal oorrompel tydens die interskole op 23 Augustus!

| | Maks punte | Telling BO | Telling FH | Wenner | BO Punte | FH Punte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Netbal 7A | 2 | 3 | 0 | BO | 2 | 0 |
| Netbal 8A | 2 | 20 | 0 | BO | 2 | 0 |
| Netbal 9A | 2 | 11 | 0 | BO | 2 | 0 |
| Netbal 10A | 2 | 9 | 2 | BO | 2 | 0 |
| Netbal 11A | 2 | 15 | 0 | BO | 2 | 0 |
| Netbal 12A | 2 | 9 | 4 | BO | 2 | 0 |
| Netbal 14A | 2 | 10 | 6 | BO | 2 | 0 |
| Netbal 15A | 2 | 12 | 5 | BO | 2 | 0 |
| Netbal 16A | 2 | 22 | 3 | BO | 2 | 0 |
| Rugby 7A | 2 | 11 | 0 | BO | 2 | 0 |
| Rugby 8A | 2 | 6 | 4 | BO | 2 | 0 |
| Rugby 9A | 2 | 3 | 0 | BO | 2 | 0 |
| Rugby 11A | 2 | 41 | 6 | BO | 2 | 0 |
| Rugby 14A | 2 | 28 | 10 | BO | 2 | 0 |
| Rugby 15A | 2 | 45 | 3 | BO | 2 | 0 |
| Rugby 16A | 2 | 32 | 22 | BO | 2 | 0 |
| **Netbal 13A** | **4** | 24 | 12 | BO | 4 | 0 |
| **Rugby 13A** | **4** | 37 | 19 | BO | 4 | 0 |
| **Netbal 19A** | **4** | 23 | 19 | BO | 4 | 0 |
| **Rugby 19A** | **4** | 32 | 12 | BO | 4 | 0 |
| **Totaal** | **48** | | | | **48** | **0** |

5. **Interskole:** Aangesien HS Franschhoek nie B-spanne kom saambring nie, het hulle A-spanne teen ons skool se B-spanne gespeel. Ons het hierdie wedstryde nie laat deel tel van die punte van die dag nie sodat HSF nie benadeel sou word omdat hulle A-spanne twee wedstryde moes speel nie. Hier is die B-spanne se uitslae:

| **Netbal** | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | |
| 7 B | 2 | 6 | V |
| 8 B | 1 | 1 | G |
| 9 B | 1 | 1 | G |
| 11 B | 3 | 7 | V |
| 12 B | 5 | 12 | V |
| 13 B | 8 | 12 | V |

| **Rugby** | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | |
| 7 B | 7 | 4 | W |
| 9 B | 4 | 3 | V |

6. **Uitkomtye:** Die graad 12's begin Maandag 1 September met hul rekordeksamen in die skoolsaal. Omdat die saal nie dan meer beskikbaar is vir saal- en litnumperiodes nie (periode 1 en 2 op 'n Maandagoggend), verval hierdie twee periodes. **Die hele skool (gr. 1 tot 11) kom dus vir die res van hierdie kwartaal op Maandae 13:30 uit**. Die twee periodes wat verval is nie verpligte akademiese kontaktyd nie. Die laerskool se saal en litnumperiodes val op 'n ander dag as die hoërskool s'n, maar die twee akademiese periodes wat op 'n Maandag by die laerskool wegval, sal dan later in die week tydens hul saal- en litnumperiodes ingehaal word. Die laerskoolonderwysers sal reëlings rondom die roosterverandering deurgee op die WhatsApp-groepe.

7. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | **Kwartaal 3, Week 6** |
|---|---|
| Vr. 29 Aug. | O.12 Rugby- en Netbaltoernooi te Ceres<br>Gr. 4-uitstappie |
| | **Kwartaal 3, Week 7** |
| Ma. 1 Sep. | Gr. 12-rekordeksamen begin: Lewensoriëntering (NSS-vraestel)<br>Eisteddfod te Montagu<br>SBL Benoemingskomitee vergader 17:30 |
| Di. 2 Sep. | Eisteddfod te Montagu |
| Vr. 5 Sep. | Gr. 7-uitstappie<br>Bonnievale 418 Gala |
| Sa. 6 Sep. | Netbal Fast Five-toernooi te Paarl<br>Graad 1 Pa- en Seunoggend (meer inligting by mnr. Eddie Mathambo) |
| | **Kwartaal 3, Week 8** |
| Di. 9 Sep. | Laerskoolredenaars<br>Universiteit Stellenbosch besoek graad 11's tydens LO Prakties |
| Wo. 10 Sep. | Hoërskoolredenaars |
| Vr. 12 Sep. | Juf. Adéle le Roux verjaar<br>Netbalkursus: Mee. Michelle van Zyl, Chameron Mathys en Cornel Matthysen<br>Universiteit Stellenbosch besoek FW-klasse |
| | **Kwartaal 3, Week 9** |
| Wo. 17 Sep. | Ouers word deur WKOD per SMS of e-pos in kennis gestel van aansoeke vir gr. 2-7 en gr. 9-11 vir 2026. |
| Vr. 19 Sep. | Atletiek: Swellendam-aflosbyeenkoms |

Seënwense!

S. Prins
Skoolhoof

| |
|---|
| “The first step towards getting somewhere is to decide you're not going to stay where you are.”<br>— J.P. Morgan |




